Western Cape Government
Education

2019 The Year of the Learner
Developing a Values Mindset

WCED transform to perform



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT (NSS) EKSAMEN NOVEMBER 2019

BELANGRIKE DATUMS:

- Vrystelling van die uitslae van die 2019 NSS-eksamen: Die nasionale Minister sal die nasionale en provinsiale uitslae op Dinsdag, **7 Januarie 2020**, om **18h00** aankondig
- Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal die uitslae van individue by skole op Woensdag, **8 Januarie 2020**, om **12h00** vrystel
- Toegang tot uitslae kan verkry word via die WKOD se webwerf: https://www.wcedonline.gov.za op **8 Januarie 2020** om **12h00**
- Sluitingsdatum vir hernasiening en herkontrolering: **22 Januarie 2020**
- Sluitingsdatum vir registrasie van NSS se aanvullende eksamens in Mei/Junie 2020: **31 Januarie 2020** (Aansoekvorms sal by skole en op die WKOD se webwerf: https://www.wcedonline.gov.za, beskikbaar wees)
- NSS se aanvullende eksamens in Mei/Junie 2020: **Word vanaf 29 April tot 12 Junie 2020 afgelê** (Finale rooster sal bevestig word)
- Haal 2019 NSS-eksamensertifikate by skole af: Junie 2020

KONTROLEER JOU PERSOONLIKE BESONDERHEDE OP JOU NSS SE VERKLARING VAN UITSLAE EN VERSOEK KORREKSIES BINNE 21 DAE NADAT DIE UITSLAE VRYGESTEL IS

- Maak seker dat alle name soos op die identiteitsdokument op die verklaring van uitslae opgeneem is
- Kontroleer dat die naam/name en van reg gespel is
- Kontroleer dat die korrekte geboortedatum/identiteitsnommer op die uitslae gedruk is
- **Neem asseblief kennis:** Sodanige administratiewe foute kan binne drie maande nadat die uitslae vrygestel is, reggestel word

Indien daar enige foute in die uitslae is, moet Hoofkantoor met die volgende dokumente gekontak word:

(a) Die huidige verklaring van uitslae
(b) 'n Gewaarmerkte afskrif van die identiteitsdokument
(c) 'n Beëdigde verklaring wat verklaar dat jy die regmatige eienaar van die verklaring van uitslae is
(d) Meld die fout wat reggemaak moet word
(e) Voltooi die aansoekvorm vir heruitreiking

Hernasiening/Herkontrolering van eksamenskrifte

SPERDATUM: 22 JANUARIE 2020

Wie kom in aanmerking?

- Kandidate mag vir die herkontrolering en hernasiening van hulle eksamenskrifte aansoek doen as hulle van mening is dat die punte wat aan die geskrewe vraestelle toegewys is nie 'n getroue weergawe van hulle prestasie is nie.
- 'n Hernasiening beteken dat die oorspronklike eksamenskrif vir 'n tweede keer deur 'n nasiener nagesien word.
- 'n Herkontrolering van jou eksamenskrif is 'n verdere kontrolering om seker te maak dat alle vrae behoorlik nagesien is en dat alle punte reg bereken is.
- **Wat is 'n aansoek om 'n besigtiging?**
  Wanneer jy jou uitslae ontvang het NADAT die hernasiening en herkontrolering plaasgevind het, mag jy aansoek doen om jou eksamenskrifte te besigtig.

  Doen aansoek om jou eksamenskrifte te besigtig by Christiaan.Klopper@westerncape.gov.za met bewys van betaling.

Betaling

Hernasiening = R112 (per vak)
Herkontrolering = R27 (per vak)
Besigtiging van eksamenskrifte (slegs na hernasiening en herkontrolering) = R219

Betaling kan deur middel van elektroniese fondsoorplasing (EFO) geskied of in die volgende Nedbank-rekening by 'n tak van Nedbank inbetaal word:

Bank:	Nedbank
Account name:	WCED
Soort rekening:	Lopende rekening
Rekeningnommer:	1452 045 089
Naam van tak:	NEDBANK CORPORATE
Takkode:	145 209
Deposito-verwysing:	15 +ID nommer

Hoe doen ek aansoek om my eksamen te laat hernasien of herkontroleer?

- Geen aansoeke om hernasiening sal op drukstukke aanvaar word nie
- Doen aansoek om hernasiening of herkontrolering deur die aanlyn registrasiediens by www.eservices.gov.za te gebruik.
- Vir kennisgewing: Daar is geen hernasiening vir die Algemene Assesseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering nie.
- Neem asseblief kennis dat 'n nuwe verklaring van uitslae slegs uitgereik sal word as jou vak se uitslae verbeter tot 'n hoër vlak of as jou slaagstatus verander.

Neem asseblief kennis: Kandidate wat aansoek doen om hernasiening/herkontrolering word aangeraai om vir die Mei/Junie-eksamen te registreer ingeval daar geen verbetering in hulle uitslae is nie.

SLAAGSYFERVEREISTES VIR DIE NSS-EKSAMEN

Daar is vier slaagsyfervlakke:

1. Hoër sertifikaat
2. Diploma
3. Baccalaureusgraad-slaagsyfer (voorheen bekend as 'n vrystelling)
4. NSS-eksamensertifikate – Spesiale behoeftes-onderwys- (SBO-) slaagsyfer.

Die slaagsyfervereistes vir matriek vir elkeen van hierdie vlakke is soos volg:

Die slaagsyfervereistes vir matriek vir elkeen van hierdie vlakke is soos volg:

- Moet minstens 40% in jou Huistaal behaal
- Moet minstens 40% in drie vakke behaal
- Moet minstens 30% in drie ander vakke behaal
- Moet minstens 'n 30% slaagsyfer vir taal van leer en onderrig (TLO) behaal
- Moet minstens ses uit sewe vakke slaag

Slaagsyfervereistes vir Diploma

- Moet minstens 40% in jou Huistaal behaal
- Moet minstens 40% in drie ander vakke, met uitsondering van Lewensoriëntering, behaal
- Moet minstens 30% in drie ander vakke behaal
- Moet minstens ses uit sewe vakke slaag

Jy mag met hierdie slaagsyfervereistes aansoek doen om 'n diploma by 'n Tegniese enBeroepsonderwys- en Opleiding- (TBOO-) kollege of universiteit van tegnologie te studeer.

Slaagsyfervereistes vir Baccalaureusgraad

- Moet minstens 40% in jou Huistaal behaal
- Moet minstens 50% in vier vakke, met uitsondering van Lewensoriëntering, behaal
- Moet minstens 30% in een ander vak behaal
- Moet minstens ses uit sewe vakke behaal

Slaagsyfervereistes vir SBO

- Sal 'n NSS met 'n endossement behaal indien leerders aan die volgende bevorderingsvereistes voldoen:

(a) 30% in die vereiste amptelike taal óf op Huistaal- óf op Eerste Addisionele Taalvlak;
(b) 'n Minimum van 30% in vier ander vakke.

Neem asseblief kennis: Kandidate wat 'n minimum van vyf vakke vir die NSS met 'n endossement aanbied, moet minstens 30% in al vyf vakke behaal om die NSS SBO- geïndosseerde sertifikaat te verwerf.

LW: Alle vakke, met die uitsondering van Lewensoriëntering, sal in oorweging geneem word vir die Diploma-/Baccalaureusgraad-slaagsyfervereistes.

Kandidate wat nie daarin kon slaag om slaagsyferstatus vir 'n Diploma of Baccalaureusgraad in hulle huidige eksamen te behaal nie, kan hulle slaagsyferstatus verbeter as hulle registreer en die NSS se aanvullende eksamen in Mei/Junie 2020 aflê. Verbeterde uitslae kan aanleiding gee tot 'n verandering in hulle slaagsyferstatus en 'n nuwe sertifikaat kan deur Umalusi uitgereik word.

Wanneer 'n slaagsyferstatus vir 'n Baccalaureusgraad behaal word, kan jy aansoek doen om vir 'n graad by 'n universiteit, universiteit van tegnologie, TBOO-kollege of enige geakkrediteerde hoër onderwys-leerinstelling te studeer.

Vlakke-stelsel: Die betekenis van die gradering

- Vlak 7: 80–100% (Uitmuntende prestasie)
- Vlak 6: 70–79% (Verdienstelike prestasie)
- Vlak 5: 60–69% (Beduidende prestasie)
- Vlak 4: 50–59% (Matige prestasie)
- Vlak 3: 40–49% (Voldoende prestasie)

Watter vakke is verpligtend?

- Huistaal
- Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid
- Lewensoriëntering

Jy moet jou taal van leer en onderrig (óf Engels óf Afrikaans) as een van jou taalvakke aanbied.

Alle skoolgebaseerde assesseringspunte (SGA-punte) wat vanaf 2008 behaal is, is geldig, en leerders wat vakke herhaal, hoef dus net die geskrewe vraestelle oor te skryf.

INLIGTING VIR REGISTRASIE:

Registrasie – Junie 2020 NSS-aanvullende eksamen

- Aansoeke op drukstukke moet ingedien word teen: Sluitingsdatum: 31 Januarie 2020

Navrae:
Tel: 021-467 2974/2936/2914/2732/2990/2917/ 2909/2941

E-pos:
Examregistrations@westerncape.gov.za

Die Mei/Junie 2020 NSS-aanvullende eksamen is oop vir alle kandidate wat die NSS-eksamen in November 2019 afgelê het

LKW: 'n Eksamen-hulplyn vir navrae is vanaf 07h30 tot 16h00 gedurende die week tot 31 Januarie 2020 beskikbaar by tel.no. (021) 467 2300.

TOEGANG TOT UITSLAE KAN AANLYN VERKRY WORD BY https://wcedonline.westerncape.gov.za DEUR DIE VAN EN IDENTITEITSNOMMER TE GEBRUIK.